



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

R0,80 Prys • Price
R0,08 Plus 10% BTW • VAT
R0,88 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,10** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 322

KAAPSTAD, 15 APRIL 1992

No. 13922

CAPE TOWN, 15 APRIL 1992

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1073. 15 April 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 45 van 1992: Wysigingswet op Onteining, 1992.

No. 1073. 15 April 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 45 of 1992: Expropriation Amendment Act, 1992.

[] Woorden in vet druk tussen vierkante hake dui schrappings uit bestaande verordeningen aan.

WET

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 7 April 1992.)

“ ‘huurder’ ook ‘n onderhuurder uit hoofde van ‘n skriftelike 20
onderhuurkontrak;

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- _____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Expropriation Act, 1975, so as to define, further define or delete certain expressions; to extend the power to expropriate to any minister responsible for the administration of works and land affairs; to restrict expropriation by Transnet to expropriation under the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989; to facilitate the expropriation procedure; to extend payment of compensation in respect of unregistered rights; to extend penal provisions; to further regulate offers and claims relating to compensation, disposal of the amount of compensation, payment of interest, payment of legal costs and the withdrawal of expropriation; and to repeal certain obsolete provisions; to effect certain consequential amendments to the Water Act, 1956; to amend the Deeds Registries Act, 1937, so as to facilitate the recording of expropriation; to amend the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989, so as to regulate expropriation by Transnet anew; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 7 April 1992.)

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 63 of 1975, as amended by section 1 of Act 21 of 1982

- 5 1. Section 1 of the Expropriation Act, 1975 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—
- (a) by the deletion of the definition of “compensation court”;
- (b) by the substitution for the definition of “date of expropriation” of the following definition:
- 10 “‘date of expropriation’ means the **[appropriate]** date of expropriation contemplated in section 7(2)(b);”;
- (c) by the deletion of the definition of “date of offer of compensation”;
- (d) by the substitution for the definition of “executive committee” of the following definition:
- 15 “‘executive committee’ means the executive committee of a province mentioned in section **[76]** 7 of the **[Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961)]** Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986)”;;
- (e) by the deletion of the definition of “immovable property”;

- (f) deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
 "Minister" **[die]** 'n minister **[van Gemeenskapsontwikkeling]** verantwoordelik vir die administrasie van werke en grondsake en, behalwe by die toepassing van **[artikels]** artikel 3 **[en 25(2)]**, ook 'n uitvoerende komitee;" 5
- (g) deur die omskrywing van "onroerende goed" te skrap;
- (h) deur die omskrywing van "onteieningsdatum" deur die volgende omskrywing te vervang:
 "'onteieningsdatum' die **[toepaslike]** datum van onteiening beoog in artikel 7(2)(b);" 10
- (i) deur na die omskrywing van "openbare doeleindes" die volgende omskrywing in te voeg:
 "'pad' 'n pad soos omskryf in die betrokke provinsiale ordonnansie en ook grond wat vir groewe, uitspannings of kampe of ander doeleindes in verband met so 'n pad verkry of gebruik word;" 15
- (j) deur die omskrywing van "plaaslike bestuur" deur die volgende omskrywing te vervang:
 "'plaaslike bestuur' **[’n instelling of liggaam beoog in artikel 84(1)(f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en ook ’n Streekwaterdienskorporasie ingestel ingevolge die Ordonnansie op Waterdienste, 1963 (Ordonnansie No. 27 van 1963 van Natal)]—** 20
- (a) 'n instelling beoog in artikel 84(1)(f)(i) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961); 25
- (b) 'n bestuursraad of raad beoog in artikel 1 van die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet No. 9 van 1987);
- (c) 'n streeksdiensteraad ingestel kragtens artikel 3 van die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985); 30
- (d) 'n gesamentlike diensteraad ingestel kragtens artikel 4 van die Wet op Gesamentlike Dienste vir Kwazulu en Natal, 1990 (Wet No. 84 van 1990);
- (e) 'n plaaslike owerheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982); 35
- (f) 'n plaaslike raad beoog in artikel 2 van die Wet op Plaaslike Rade (Volksraad), 1987 (Wet No. 94 van 1987);
- (g) die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede beoog in artikel 2 van die Wet op die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede (Volksraad), 1989 (Wet No. 84 van 1989); 40
- (h) 'n Plaaslike Ontwikkelingskomitee ingestel kragtens artikel 28A(1) van die Ontwikkelingswet (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet No. 3 van 1987);
- (i) enige instelling of liggaam ingestel by of kragtens die bepalings van die een of ander wet en wat bevoegdhede uitoefen en pligte verrig wat, na die oordeel van die Minister, ooreenstem met die bevoegdhede en pligte wat gewoonlik uitgeoefen of verrig word deur 'n plaaslike bestuur, en wat die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, as 'n plaaslike bestuur vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar;" 45 50
- (k) deur die omskrywing van "regulasie" te skrap;
- (l) deur die omskrywing van "uitvoerende komitee" deur die volgende omskrywing te vervang:
 "'uitvoerende komitee' die uitvoerende komitee van 'n provinsie vermeld in artikel **[76]** 7 van die **[Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961)]** Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986);" en 55
- (m) deur die omskrywing van "vergoedingshof" te skrap.

EXPROPRIATION AMENDMENT ACT, 1992

Act No. 45, 1992

- (f) by the insertion before the definition of "local authority" of the following definition:
" 'lessee' includes a sub-lessee by virtue of a written sub-lease contract;";
- 5 (g) by the substitution for the definition of "local authority" of the following definition:
" 'local authority' means [an institution or body contemplated in section 84(1)(f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and includes a Regional Water Service Corporation constituted in terms of the Water Services Ordinance, 1963 (Ordinance No. 27 of 1963 of Natal)]—
 10 (a) an institution contemplated in section 84(1)(f)(i) of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961);
(b) a board of management or board contemplated in section 1 of the Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 (Act No. 9 of 1987);
 15 (c) a regional services council established under section 3 of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985);
(d) a joint services board established under section 4 of the KwaZulu and Natal Joint Services Act, 1990 (Act No. 84 of 1990);
(e) a local authority as defined in section 1 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982);
(f) a local council contemplated in section 2 of the Local Councils Act (House of Assembly), 1987 (Act No. 94 of 1987);
 25 (g) the Local Government Affairs Council contemplated in section 2 of the Local Government Affairs Council Act (House of Assembly), 1989 (Act No. 84 of 1989);
(h) a Local Development Committee established under section 28A(1) of the Development Act (House of Representatives), 1987 (Act No. 3 of 1987);
(i) any institution or body established by or under the provisions of any law and which exercises powers and performs duties which, in the opinion of the Minister, correspond to the powers and duties ordinarily exercised or performed by a local authority, and which the Minister, by notice in the Gazette, declares to be a local authority for the purposes of this Act;";
 35
- 40 (h) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
" 'Minister' means [the] a minister [of Community Development] responsible for the administration of works and land affairs and, except for the purposes of [sections] section 3 [and 25(2)], includes an executive committee;";
- 45 (i) by the addition to the definition of "owner" of the following paragraphs:
"(i) in the case of a public place or road under the control of a local authority, that local authority;
(j) in the case of a right of leasehold granted in terms of section 52 of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984), the holder of such right;";
 50
- (j) by the insertion after the definition of "owner" of the following definition:
" 'possess' includes exercise a right;";
- 55 (k) by the deletion of the definition of "regulation";
 (l) by the insertion after the definition of "public purpose" of the following definition:
" 'road' means a road as defined in the relevant provincial ordinance and includes any land acquired or used for quarries, outspans or camps or other purposes in connection with such a road;"; and
 60
- (m) by the deletion of the definition of "this Act".

Wysiging van artikel 2 van Wet 63 van 1975**2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—**

- (a) deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

“(2) Die bevoegdheid van die Minister ingevolge subartikel (1) **[om goed vir openbare doeleindes te onteien, en ’n bevoegdheid ingevolge]** of ’n ander wet om **[namens die Staat]** goed te onteien **[of andersins te verkry]**, sluit die bevoegdheid in om, wanneer **[onroerende]** goed aldus onteien **[of verkry]** word, soveel te onteien van ander **[onroerende]** goed wat, volgens die oordeel van die Minister, deur die onteiening **[of verkryging]** geraak word, as wat die Minister om die een of ander rede dienstig ag.

(3) Die bevoegdheid van die Minister om ingevolge subartikel (2) **[onroerende]** goed wat volgens die oordeel van die Minister deur ’n onteiening geraak word, te onteien, sluit die bevoegdheid in om, in die geval waar slegs ’n gedeelte van ’n stuk grond ingevolge hierdie artikel onteien word, **[op versoek van die eienaar]** ook die restant van daardie stuk grond te onteien indien die eienaar dit versoek en die Minister oortuig dat bedoelde restant as gevolg van bedoelde gedeeltelike onteiening vir die eienaar nutteloos geword het, of indien die Minister, na oorlegpleging met die Minister van Landbou, oortuig is dat bedoelde restant ’n onekonomiese boerdery-eenheid is of waarskynlik sal word.”; en

- (b) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(4) Indien die Minister met die eienaar van goed onderhandel vir die verkryging daarvan by wyse van ooreenkoms en die eienaar die Minister versoek dat dié goed onteien word, kan die Minister, behoudens die ander bepalings van hierdie Wet, dié goed onteien.”.

Wysiging van artikel 3 van Wet 63 van 1975, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 21 van 1982**3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—**

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Indien ’n regspersoon of liggaam vermeld in subartikel (2) die Minister belas met die uitvoering van die wet wat in verband daarmee vermeld word, oortuig het dat hy bepaalde onroerende goed redelikerwys vir die bereiking van sy oogmerke nodig het en dat hy dit nie op redelike voorwaardes kan verkry nie, kan die Minister **[van Gemeenskapsontwikkeling]** op versoek van eersgenoemde Minister en behoudens die bepalings van subartikels (4) en (5) **[en, in die geval van ’n regspersoon bedoel in paragraaf (h) van genoemde subartikel (2), met die goedkeuring, by besluit, van die Volksraad,]** daardie onroerende goed ten bate van daardie regspersoon of liggaam onteien asof dit vir openbare doeleindes nodig is.”; en

- (b) deur paragraaf (c) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) ’n **[kollege] technikon [soos omskryf]** vermeld in artikel 1 van die Wet op **[Gevorderde Tegniese Onderwys] Technikons (Nasionale Opvoeding)**, 1967 (Wet No. 40 van 1967), of artikel 1 van die Wet op Technikons, 1967 (Wet No. 40 van 1967);”.

Herroeping van artikel 4 van Wet 63 van 1975, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 21 van 1982 en paragraaf 7 van Bylae 1 by Wet 9 van 1989**4. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby herroep.****Wysiging van artikel 5 van Wet 63 van 1975, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 19 van 1977****5. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:**

Amendment of section 2 of Act 63 of 1975**2. Section 2 of the principal Act is hereby amended—**

- (a) by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections, respectively:

5 “(2) The power of the Minister in terms of subsection (1) **[to expropriate property for public purposes, and any power in terms of]** or any other law to expropriate **[or otherwise acquire]** any property **[on behalf of the State]**, shall include the power to expropriate, when any **[immovable]** property is so expropriated **[or acquired]**, so much of any other **[immovable]** property which, 10 in the opinion of the Minister, is affected by such expropriation **[or acquisition]** as the Minister may for any reason deem expedient.

15 (3) The power of the Minister in terms of subsection (2) to expropriate **[immovable]** property which, in the opinion of the Minister, is affected by an expropriation, shall, in the case where only a portion of a piece of land is expropriated in terms of this section, include the power to expropriate the remainder of such a piece of land if the owner so requests and satisfies the Minister that 20 due to the said partial expropriation the said remainder has become useless to the owner, or if the Minister, after consultation with the Minister of Agriculture, is satisfied that the said remainder is or is likely to become an uneconomic farming unit.”; and

- (b) by the addition of the following subsection:

25 “(4) If the Minister negotiates with an owner of property for the acquisition thereof by means of agreement and the owner requests the Minister that the property be expropriated, the Minister may, subject to the other provisions of this Act, expropriate such property.”.

30 **Amendment of section 3 of Act 63 of 1975, as amended by section 2 of Act 21 of 1982**

3. Section 3 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

35 “(1) If a juristic person or body mentioned in subsection (2) satisfies the Minister charged with the administration of the law mentioned in connection therewith that it reasonably requires any particular immovable property for the attainment of its objects and that it is unable to acquire it on reasonable terms, the Minister **[of Community Development]** may, at the request of the first-mentioned Minister, and subject to the provisions of subsections 40 (4) and (5), **[and, in the case of a juristic person contemplated in paragraph (h) of the said subsection (2), with the approval, by resolution, of the House of Assembly]** expropriate such immovable property on behalf of that juristic person or body as if it were required for public purposes.”; and

- 45 (b) by the substitution for paragraph (c) of subsection (2) of the following paragraph:

50 “(c) a **[college] technikon [as defined]** mentioned in section 1 of the **[Advanced Technical Education] Technikons (National Education) Act, 1967 (Act No. 40 of 1967), or section 1 of the Technikons Act, 1967 (Act No. 40 of 1967);**”.

Repeal of section 4 of Act 63 of 1975, as amended by section 3 of Act 21 of 1982 and paragraph 7 of Schedule 1 to Act 9 of 1989

4. Section 4 of the principal Act is hereby repealed.

55 **Amendment of section 5 of Act 63 of 1975, as amended by section 1 of Act 19 of 1977**

5. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Indien ’n plaaslike bestuur die bevoegdheid besit om goed te onteien of die reg te neem om goed tydelik te gebruik, kan daardie bevoegdheid **[behoudens die bepalings van artikel 26(2)]** slegs, *mutatis mutandis*, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet **[en onderworpe aan die goedkeuring van, en die voorwaardes opgelê deur, die betrokke uitvoerende komitee]** 5 uitgeoefen word.”.

Wysiging van artikel 7 van Wet 63 van 1975

6. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die onteieningskennisgewing moet—

- (a) ’n duidelike en volledige beskrywing bevat van die betrokke goed en, in die geval van die neem van die reg om goed tydelik te gebruik, ook van dié reg, asook, in die geval waar slegs ’n gedeelte van ’n stuk grond of ’n saaklike reg in of oor slegs so ’n gedeelte onteien word, of die reg geneem word om slegs so ’n gedeelte te gebruik, ’n sketsplan wat die benaderde ligging van dié gedeelte aandui, en die benaderde grootte van dié **[deel] gedeelte** vermeld: Met dien verstande dat wanneer slegs ’n gedeelte van ’n stuk grond of ’n saaklike reg in of oor slegs so ’n gedeelte onteien word, of die reg geneem word om slegs so ’n gedeelte te gebruik, die eienaar die Minister binne dertig dae vanaf die kennisgewingsdatum per aangetekende pos kan versoek om ooreenkomstig subartikel (3) verdere besonderhede van bedoelde gedeelte te verstrek ten einde die eienaar in staat te stel om die ligging of grootte van daardie gedeelte te bepaal, en by verstrekking van sodanige besonderhede word die datum van kennisgewing waarin daardie besonderhede verstrek is, by die toepassing van hierdie Wet geag die **[datum van die onteieningskennisgewing]** kennisgewingsdatum te wees; 10 15 20 25
- (b) die datum van onteiening vermeld of, na gelang van die geval, die datum vanaf wanneer die goed gebruik sal word, sowel as die tydperk waarin dit gebruik sal word, **[Met dien verstande dat daardie datum nie later mag wees nie as honderd en tagtig dae na die kennisgewingsdatum: Met dien verstande voorts dat die datum van wanneer af die goed gebruik mag word, nie vroeër mag wees nie as sestig dae vanaf die kennisgewingsdatum tensy die Minister van oordeel is dat die goed dringend nodig is vir ’n doel waarvoor dit deur die Staat gebruik gaan word]** en ook die datum waarop die Staat besit van die goed sal neem, vermeld; 30 35 40
- (c) **[of die bedrag vermeld wat as vergoeding vir die goed of die gebruik daarvan aangebied word of die eienaar versoek om die Minister binne sestig dae vanaf die kennisgewingsdatum skriftelik in kennis te stel wat die bedrag is wat hy as sodanige vergoeding eis en hoeveel van laasgenoemde bedrag elk van die onderskeie bedrae beoog in artikel 12(1)(a)(i) en (ii) of (b) verteenwoordig met volledige besonderhede betreffende die samestelling van daardie bedrae: Met dien verstande dat indien die eienaar die Minister binne dertig dae vanaf die kennisgewingsdatum skriftelik versoek om bedoelde tydperk te verleng, die Minister daardie tydperk vir ’n verdere sestig dae verleng]** die aandag van die eienaar op die bepalings van artikels 9(1) en 12(3)(a)(ii) vestig; 45 50
- (d) indien ’n bedrag as vergoeding daarin aangebied word, die eienaar se aandag daarop vestig dat indien **[iemand]** ’n huurder ’n reg uit hoofde van ’n huurkontrak bedoel in artikel 9(1)(d)(i) **[(iii) of (iv)]** ten opsigte van die goed het waarvan die Minister op die kennisgewingsdatum nie geweet het nie, die Minister bedoelde aanbod kan terugtrek.”; 55

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Behoudens die bepalings van subartikel (5) moet die Minister die onteieningskennisgewing en alle ander kennisgewings en stukke in verband daarmee laat bestel deur die oorspronklike of

- 5 “(1) If a local authority has the power to expropriate property or to take the right to use property temporarily, such power may **[subject to the provisions of section 26(2)]** only be exercised, *mutatis mutandis*, in accordance with the provisions of this Act **[and subject to the approval of, and the conditions imposed by, the executive committee concerned]**.”

Amendment of section 7 of Act 63 of 1975

6. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- 10 “(2) The notice of expropriation shall—
- (a) contain a clear and full description of the property in question and, in the case of the taking of a right to use property temporarily, also of such right, as well as, in the case where only a portion of a piece of land or a real right in or over such portion is expropriated, or a right is taken to use only such a portion, a sketch plan showing the approximate position of such portion, and state the approximate extent of such portion: Provided that whenever only a portion of a piece of land or a real right in or over any such portion is expropriated, or a right is taken to use only such a portion, the owner may, within thirty days from the date of notice, request the Minister by registered post to furnish, in accordance with subsection (3), further particulars of such portion so as to enable the owner to determine the position or extent of the said portion, and upon the furnishing of such particulars the date of the notice in which such particulars were furnished, shall, for the purposes of this Act, be deemed to be the date of **[the] notice [of expropriation]**;
- 15 (b) state the date of expropriation or, as the case may be, the date as from which the property will be used, as well as the period during which it will be used, **[Provided that such date shall not be later than one hundred and eighty days after the date of notice: Provided further that the date as from which the property may be used, shall not be earlier than sixty days as from the date of notice unless the Minister is of the opinion that such property is urgently required for any purpose for which it will be used by the State]** and also state the date upon which the State will take possession of the property;
- 20 (c) **[either state the amount which is offered as compensation for the property or for the use thereof, or request the owner to advise the Minister in writing within sixty days from the date of notice of the amount claimed by him as such compensation and how much of the last-mentioned amount represents each of the respective amounts contemplated in section 12(1)(a)(i) and (ii) or (b) with full particulars as to how such amounts are made up: Provided that if the owner requests the Minister in writing within thirty days from the date of notice to extend the said period, the Minister shall extend such period by a further sixty days]** draw the attention of the owner to the provisions of sections 9(1) and 12(3)(a)(ii);
- 25 (d) if an amount is therein offered as compensation, draw the attention of the owner to the fact that if **[any person]** a lessee has a right by virtue of a lease contemplated in section 9(1)(d)(i) **[(iii) or (iv)]** in respect of the property of which the Minister had no knowledge on the date of notice, the Minister may withdraw that offer.”;
- 30
- 35
- 40
- 45
- 50
- 55

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Subject to the provisions of subsection (5), the Minister shall cause the notice of expropriation and all other notices and documents in connection therewith to be served by causing the

- 'n juiste afskrif daarvan aan die betrokke **[eienaar]** persoon te laat oorhandig of aanbied of per aangetekende pos te laat stuur.”;
- (c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(4) Indien die goed wat onteien **[of gebruik]** gaan word, grond is, moet die Minister, behoudens die bepalings van subartikel (5), 'n afskrif van die **[kennisgewing bedoel in subartikel (2)] onteieningskennisgewing** of 'n kennisgewing dat die grond onteien word, met vermelding van die besonderhede van die onteiening, op die wyse in subartikel (3) bepaal, laat bestel aan iedereen wat, volgens die titelbewys van die grond of die registers van die Registrateur van Mynbriewe of van enige ander Staatskantoor waar regte aangeteken word wat toegestaan is ingevolge 'n wet op prospekter- of **[mynbouwerksaamhede]** mynaangeleenthede, 'n belang in daardie grond het, en, indien die grond binne die **[gebied]** regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, aan dié plaaslike bestuur en, indien **[die grond]**, na die wete van die Minister, die grond die onderwerp is van 'n ooreenkoms bedoel in artikel 9(1)(d)(ii) of 'n gebou daarop onderworpe is aan 'n retensiereg bedoel in artikel 9(1)(d)(iii), aan die koper of bouaannemer.”; en
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(5) Indien die Minister nie die verblyfplek van die eienaar of van iedere eienaar van die betrokke goed of van iemand of iedereen wat 'n belang daarin het, soos in subartikel (4) beoog, geredelik kan vasstel nie, of indien hy, vanweë die aantal sodanige eienaars of belanghebbendes of om 'n ander rede, oortuig is dat die bestelling van 'n kennisgewing of ander stuk volgens voorskrif van subartikel (3) nie doenlik is nie, of indien die goed aan 'n fideikommis onderworpe is en die Minister nie weet wie almal fideikommisêre erfgename is of gaan wees nie, moet hy in plaas van of benewens 'n kennisgewing of stuk of kennisgewings of stukke volgens voorskrif van subartikel (3) te laat bestel, een maal in die *Staatskoerant* en een maal per week vir twee agtereenvolgende weke in 'n Afrikaanse en in 'n Engelse nuusblad wat in omloop is in die gebied waarin die betrokke **[grond]** goed is of geleë is 'n gepaste kennisgewing wat aan die vereistes van subartikel (2) voldoen, of die betrokke ander stuk bevat, laat publiseer.”.

Wysiging van artikel 8 van Wet 63 van 1975

7. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(3) **[Ondanks die feit dat die eiendomsreg op onteiene onroerende goed ingevolge subartikel (1) op die onteieningsdatum op die Staat oorgaan, kan die Staat die betrokke goed nie in besit neem nie voor die verstryking, vanaf daardie datum, van 'n tydperk van sestig dae]** Die Staat neem besit van goed wat onteien is, op die datum vermeld ingevolge artikel 7(2)(b) of **[die langer tydperk]** die ander datum waaromtrent die Minister en die betrokke eienaar ooreenkom **[Met dien verstande dat indien volgens die oordeel van die Minister die goed dringend nodig is vir die doeleindes waarvoor dit onteien is, hy die goed in besit kan laat neem te eniger tyd voor die verstryking van die tydperk wat van toepassing is en wel op 'n datum wat vir dié doel vermeld word in die onteieningskennisgewing of in 'n toepaslike kennisgewing wat volgens voorskrif van artikel 7(3) of (5) bestel of gepubliseer moet word]**.”;
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(4) Die eienaar van onteiene **[onroerende]** goed moet vanaf die onteieningsdatum tot op die datum waarop die Staat die goed in besit neem, die goed versorg en in stand hou, en indien die eienaar opsetlik of nalatiglik versuim om dit te doen en die goed as gevolg van die versuim verminder in waarde, kan die Minister die bedrag van die waardevermindering op die eienaar verhaal: Met dien verstande dat die Minister die eienaar moet vergoed vir koste wat,

original or a true copy thereof to be delivered or tendered or sent by registered post to the **[owner]** person in question.”;

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) If the property to be expropriated is land, the Minister shall, subject to the provisions of subsection (5), cause a copy of the notice **[contemplated in subsection 2] of expropriation**, or a notice to the effect that the land is being expropriated, giving the particulars of the expropriation, to be served, in the manner prescribed in subsection (3), upon every person who, according to the title deed of the land or the registers of the Registrar of Mining Titles or of any other Government office in which rights granted in terms of any law relating to prospecting or mining affairs are recorded, has any interest in that land, and, if the land is situated within the area of jurisdiction of a local authority, upon such local authority, and, if **[the land]**, to the knowledge of the Minister, the land is the subject of an agreement contemplated in section 9(1)(d)(ii), or a building thereon is subject to a lien contemplated in section 9(1)(d)(iii), upon the buyer or the builder.”; and

(d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) If the whereabouts of the owner or of every owner of the property in question or of any person or every person having an interest therein, as is contemplated in subsection (4), is not readily ascertainable by the Minister, or, if by reason of the number of such owners or persons having such an interest or for any other reason, he is satisfied that service of a notice or other document in accordance with subsection (3) is not practicable, or if the property is subject to a *fideicommissum* and it is not known to the Minister who all the fideicommissaries are or will be, he shall, instead of or in addition to causing a notice or document or notices or documents to be published in accordance with subsection (3), cause to be published once in the *Gazette* and once a week during two consecutive weeks in an Afrikaans and in an English newspaper circulating in the area in which the property in question is or is situated an appropriate notice complying with the provisions of subsection (2) or containing the other document in question.”.

Amendment of section 8 of Act 63 of 1975

7. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) **[Notwithstanding the fact that in terms of subsection (1) the ownership in expropriated immovable property vests in the State on the date of expropriation, the State may not take possession of the property in question until the expiry, from the said date, of a period of sixty days]** The State shall take possession of any property expropriated on the date stated in terms of section 7(2)(b) or such [longer period as is] other date as may be agreed upon between the owner concerned and the Minister [Provided that if, in the opinion of the Minister, such property is urgently required for the purposes for which it was expropriated, he may cause such property to be taken into possession at any time prior to the expiration of the applicable period and on a date mentioned for the purpose in the notice of expropriation or in an appropriate notice to be served or published in accordance with section 7(3) or (5)].”;

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) The owner of expropriated **[immovable]** property shall from the date of expropriation to the date upon which the State takes possession of the property, take care of and maintain the property, and if the owner wilfully or negligently fails to do so and as a result thereof the property depreciates in value, the Minister may recover the amount of the depreciation from the owner: Provided that the Minister shall compensate the owner for costs

volgens die oordeel van die Minister, noodsaaklikerwys na die onteieningsdatum aangegaan is ten opsigte van sodanige instandhouding of versorging.”;

- (c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Indien die eienaar die Staat in besit wil stel van die onteiene 5
goed voor die **[verstryking van die toepaslike tydperk bedoel in subartikel (3)]** datum vermeld ingevolge artikel 7(2)(b) en hy en die Minister nie omtrent ’n datum ooreenkom soos in subartikel (3) van hierdie artikel beoog nie, moet hy die Minister minstens een-en-twintig dae skriftelik kennis gee van die datum waarop hy **[dit wil 10
doen en die Minister]** die Staat in besit wil stel, en die Staat word daarop geag die goed op daardie datum in besit te **[laat neem]** geneem het.”; en

- (d) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Die bepalinge van subartikels (3) tot (6) is ook van 15
toepassing ten opsigte van die onteiening van goed ingevolge artikel 3 ten bate van ’n regs persoon of liggaam, en by sodanige toepassing word ’n verwysing in genoemde subartikels na die Staat en die Minister **[(uitgesonderd ’n verwysing na die Minister in die 20
voorbehoudsbepaling by genoemde subartikel (3))]** as ’n verwysing na die betrokke regs persoon of liggaam uitgelê.”.

Wysiging van artikel 9 van Wet 63 van 1975

8. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subparagraaf (i) van paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) wat voor die kennisgewingsdatum **[vir sake- of landboudoeleinde] in sy geheel of vir ’n deel** verhuur is by wyse van ’n ongeregistreerde huurkontrak, die naam en adres van die huurder, vergesel van die huurkontrak of ’n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige 30
besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie;”;

- (b) deur subparagraaf (iv) van genoemde paragraaf (d) te skrap;

- (c) deur paragraaf (e) van genoemde subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(e) die adres, waarheen of waar, na die eienaar verlang, verdere 35
stukke in verband met die onteiening **[aan hom]** gepos of oorhandig of aangebied kan word.”;

- (d) deur subartikel (2) te skrap;

- (e) deur in subartikel (5) die uitdrukking “(2)” te skrap; en

- (f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

“(6) Iemand wat sonder voldoende rede weier of versuim om te voldoen aan ’n versoek van die Minister ingevolge subartikel (3)**[(b)]**, is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens **[tweehonderd rand] R2 000** of met 45
gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens ses maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.”.

Vervanging van artikel 10 van Wet 63 van 1975

9. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Vergoedingsaanbiedinge

10. (1) **[Indien vergoeding vir die betrokke goed in ’n onteienings-** 50
kennisgewing aangebied is en die betrokke eienaar versuim om ingevolge artikel 9(1)(a) aan te dui of hy daardie vergoeding aanneem of nie, of aangedui het dat hy nie daardie vergoeding aanneem nie maar versuim om tersaaklike inligting ingevolge artikel 9(1)(a), (c) of (d) of (2) te verstrek, kan die Minister by ’n gepaste hof beoog in artikel 14(1) 55
aansoek doen dat die bedrag van die vergoeding deur die hof vasgestel word, en in so ’n geval is geen rente tot op die datum van sodanige

which, in the opinion of the Minister, were necessarily incurred after the date of expropriation in respect of such maintenance or care.”;

(c) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

5 “(5) If the owner desires to place the State in possession of the property expropriated prior to the **[expiry of the appropriate period contemplated in subsection (3)]** date stated in terms of section 7(2)(b) and he and the Minister do not agree upon a date
10 as contemplated in subsection (3) of this section, he shall give the Minister not less than twenty-one days’ notice in writing of the date on which he desires to **[do so, and the Minister]** place the State in possession, and the State shall thereupon be deemed to have **[caused the property to be]** taken possession of the property on that date.”; and

15 (d) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“ (7) The provisions of subsections (3) to (6) shall also apply in respect of the expropriation of property in terms of section 3 on behalf of a juristic person or body, and in such application a reference in the said subsections to the State and the Minister
20 **[(except a reference to the Minister in the proviso to the said subsection (3))]** shall be construed as a reference to the juristic person or body concerned.”.

Amendment of section 9 of Act 63 of 1975

8. Section 9 of the principal Act is hereby amended—

25 (a) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (d) of subsection (1) of the following subparagraph:

“(i) which prior to the date of notice was leased **[for business or agricultural purposes]** as a whole or in part by unregistered lease, the name and address of the lessee, and accompanied
30 by the lease or a certified copy thereof, if it is in writing, or full particulars of the lease, if it is not in writing.”;

(b) by the deletion of subparagraph (iv) of the said paragraph (d);

(c) by the substitution for paragraph (e) of the said subsection (1) of the following paragraph:

35 “(e) the address to or at which the owner desires that further documents in connection with the expropriation may be posted or delivered or tendered **[to him]**.”;

(d) by the deletion of subsection (2);

(e) by the deletion in subsection (5) of the expression “(2)”;

40 (f) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

“ (6) Any person who without sufficient reason refuses or fails to comply with a request by the Minister in terms of subsection (3) **[(b)]** shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding **[two hundred rand]** R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.”.

Substitution of section 10 of Act 63 of 1975

9. The following section is hereby substituted for section 10 of the principal Act:

50 “Offers of compensation

10. (1) **[If compensation has in an expropriation notice been offered for the property in question and the owner concerned fails to indicate in terms of section 9(1)(a) whether or not he accepts such compensation or has indicated that he does not accept such compensation but fails to furnish any relevant information in terms of section 9(1)(a), (c) or (d) or (2), the Minister may apply to an appropriate court contemplated in section 14(1) for the determination by such court of**

55

vasstelling, en geen koste, deur die Staat betaalbaar nie tensy die eienaar daardie hof oortuig dat, ondanks sodanige versuim, daar spesiale redes is waarom die Staat sodanige rente of koste of 'n gedeelte daarvan moet betaal: Met dien verstande dat, indien daardie goed grond is, die Minister 'n afskrif of besonderhede van so 'n aansoek laat 5 bestel aan die eienaar en aan elke houer van 'n verband oor daardie grond, en waar daardie grond na die wete van die Minister die onderwerp is van 'n ooreenkoms bedoel in artikel 9(1)(d)(ii), aan die koper en wel op die wyse, *mutatis mutandis*, beoog in artikel 7(3) of (5).] Die Minister kan in die onteieningskennisgewing die betrokke eienaar 10 'n bedrag as vergoeding vir die goed aanbied.

(2) Indien geen vergoeding vir die betrokke goed in die onteieningskennisgewing aangebied is nie en die betrokke eienaar versuim om tersaaklike inligting ingevolge artikel 9(1)[(b), (c) of (d) of (2)] te verstrek, moet die Minister binne 'n redelike tyd hom 'n bedrag as 15 vergoeding vir daardie goed aanbied [en wel op die wyse, *mutatis mutandis*, beoog in artikel 7(3) of (5), en is die bepalings van artikel 7(4) *mutatis mutandis* in verband met so 'n aanbod van toepassing].

(3) [Indien die eienaar nie binne dertig dae na 'n aanbod ingevolge subartikel (2) of (4) die Minister in kennis stel dat hy daardie aanbod nie 20 aanneem nie, is die bepalings van subartikel (1) *mutatis mutandis* van toepassing.]

- 40 (2) If an owner of **[immovable]** property fails to comply with the provisions of section 9(1)(d)(ii) or (iii) and the buyer or builder concerned in consequence thereof does not receive any portion of the compensation money by virtue of the provisions of subsection (1) of this section, the owner shall be liable to the buyer or builder, as the case may be, for any damage which the buyer or builder may have sustained in consequence of the expropriation, and the Minister shall not be obliged to pay compensation in respect of that damage.
- 50

(3) Indien die eienaar en die verbandhouer, koper of bouaannemer, na gelang van die geval, versuim om 'n ooreenkoms beoog in subartikel (1) te sluit, kan die een of ander van genoemde persone by die hof bedoel in artikel 14(1) aansoek doen om 'n bevel waarby die Minister gelas word om die vergoedingsgeld uit te betaal soos die hof bepaal, en die hof kan op so 'n aansoek die bevel, met inbegrip van 'n bevel aangaande koste, uitreik wat die hof goedvind.” 5

Wysiging van artikel 20 van Wet 63 van 1975

18. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 10

“(1) Indien grond wat onteien is, binne die **[gebied]** regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, moet dié plaaslike bestuur by ontvangs of publikasie van 'n tersaaklike kennisgewing ingevolge artikel 7, die Minister onverwyld skriftelik in kennis stel van enige uitstaande belasting- of ander gelde ten opsigte van die betaling waarvan die voorlegging van 'n kwitansie of sertifikaat ingevolge die een of ander wet 'n voorvereiste is vir die gee van 'n oordrag van daardie grond deur 'n registrateur van aktes.”. 15

Vervanging van artikel 21 van Wet 63 van 1975, soos vervang deur artikel 37 van Wet 108 van 1991

19. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 20

“Storting van vergoedingsgeld by Meester

21. (1) Indien goed wat kragtens hierdie Wet onteien is, met 'n fideikommis belas was, of indien vergoeding ingevolge hierdie Wet betaalbaar is aan iemand wie se verblyfplek onbekend is, of indien vergoeding aldus betaalbaar is en **[daar niemand is]** die Minister nie kan vasstel aan wie dit oorbetal kan word nie, kan die Minister die bedrag van die vergoeding wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, stort by die Meester, en na sodanige storting is die Minister nie verder ten opsigte van daardie bedrag aanspreeklik nie. 25

(2) Geld wat ingevolge subartikel (1) of (4) van hierdie artikel of ingevolge artikel 11(1) deur die Meester ontvang word— 30

(a) is, indien die betrokke goed met 'n fideikommis belas was, *mutatis mutandis* onderworpe aan al die bepalings en voorwaardes wat vervat is in die testament of ander geskrif waarby die fideikommis geskep is; en 35

(b) word, behoudens die bepalings van paragraaf (a), ten bate van die persone wat daarop geregtig is of word, in die Voogdyfonds vermeld in artikel 86 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), gestort en dra rente teen 'n koers wat die Minister van Finansies van tyd tot tyd bepaal. 40

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) raak nie die bevoegdheid van 'n hof om ten opsigte van betrokke geld 'n bevel uit te reik nie.

(4) In die geval van geskil of twyfel oor wie enige vergoeding moet ontvang wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, of in die geval van die uitreiking van 'n interdik ten opsigte van die uitbetaling van sodanige vergoeding, of indien die eienaar en 'n verbandhouer of 'n koper of 'n bouaannemer nie die Minister ingevolge artikel 19 aangaande die uitbetaling van sodanige vergoeding in kennis gestel het nie, betaal die Minister, behoudens die bepalings van artikel 19(3), die bedrag van die vergoeding oor aan die Meester.”. 50

Vervanging van artikel 22 van Wet 63 van 1975

20. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Beëindiging van ongeregistreerde regte ten opsigte van onteiene grond 55

22. Indien 'n onteieningskennisgewing op die onteiening van grond betrekking het, word alle regte ten opsigte van die grond wat nie teen

5 (3) If the owner and the mortgagee, buyer or builder, as the case may be, fails to conclude an agreement contemplated in subsection (1), any of the said persons may apply to the court referred to in section 14(1) for an order whereby the Minister is directed to pay out the compensation money as the court may determine, and the court may on such application issue such order, including an order as to costs, as the court may deem fit.”.

Amendment of section 20 of Act 63 of 1975

10 18. Section 20 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

15 “(1) If any land which has been expropriated is situated within the area of jurisdiction of a local authority, such local authority shall, upon receipt or publication of a relevant notice in terms of section 7, forthwith inform the Minister in writing of any outstanding tax or other moneys in respect of the payment of which the production of a receipt or certificate is in terms of any law a prerequisite for the passing of a transfer of such land by a registrar of deeds.”.

Substitution of section 21 of Act 63 of 1975, as substituted by section 37 of Act 108 of 1991

20 19. The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Act:

“Deposit of compensation money with Master

25 21. (1) If property expropriated under this Act was burdened with a *fideicommissum* or if compensation is payable in terms of this Act to a person whose place of residence is not known, or if compensation is so payable and **[there is no person]** the Minister is unable to determine to whom it can be paid, the Minister may deposit the amount of the compensation payable in terms of this Act with the Master, and after such deposit the Minister shall cease to be liable in respect of that amount.

30 (2) Any money received by the Master in terms of subsection (1) or (4) of this section or in terms of section 11(1) shall—

35 (a) if the property in question was burdened with a *fideicommissum*, *mutatis mutandis* be subject to all the terms and conditions contained in the will or other instrument by which such *fideicommissum* was established; and

40 (b) subject to the provisions of paragraph (a), be paid into the Guardian's Fund referred to in section 86 of the Administration of Estates Act, 1965 (Act No. 66 of 1965), for the benefit of the persons who are or may become entitled thereto, and bear interest at a rate determined from time to time by the Minister of Finance.

45 (3) The provisions of subsections (1) and (2) shall not affect the jurisdiction of any court to make an order in respect of any moneys in question.

50 (4) In the event of a dispute or doubt as to the person who is to receive any compensation payable in terms of this Act, or in the event of the issue of an interdict in respect of the payment of any such compensation, or if the owner and any mortgagee or any buyer or any builder have not notified the Minister in terms of section 19 in regard to the payment of such compensation, the Minister shall, subject to the provisions of section 19(3), pay the amount of such compensation to the Master.”.

Substitution of section 22 of Act 63 of 1975

55 20. The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Act:

“Termination of unregistered rights in respect of land expropriated

22. If a notice of expropriation relates to the expropriation of land, all rights in respect of such land not registered or recorded against

die titelbewys daarvan of in 'n kantoor bedoel in artikel 7(4) **[of ingevolge artikel 60(5) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956)]** geregistreer of aangeteken is nie, op die onteieningsdatum beëindig, en is die Staat, behoudens die bepalings van artikels 13 en 19, nie verplig om vergoeding vir sodanige regte te betaal nie.”. 5

Wysiging van artikel 23 van Wet 63 van 1975

21. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(1) Indien die Minister van oordeel is dat dit in die openbare belang of andersins dienstig is dat 'n onteiening van goed ingetrek word, kan hy, 10 ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, *mutatis mutandis* en op die wyse beoog in artikel 7, daardie onteiening intrek vanaf 'n datum in die betrokke kennisgewing vermeld: Met dien verstande dat 'n onteiening van goed nie ingetrek word nie—
- (a) na verloop van drie maande na die onteieningsdatum, behalwe met die 15 skriftelike instemming van die betrokke eienaar; of
- (b) indien, waar die goed wat onteien is onroerende goed is, die oordrag van die goed ten gevolge van die onteiening reeds geregistreer is.”.

Vervanging van artikel 24 van Wet 63 van 1975

22. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 20

“Oordrag van bevoegdheid en pligte deur Minister

24. **[Die]** 'n Minister kan 'n bevoegdheid of plig by of ingevolge hierdie Wet aan hom verleen of opgedra, uitgesonderd 'n bevoegdheid in **[artikels] artikel 23 [en 25]** bedoel, aan 'n beampte in diens van die Staat in die algemeen of met betrekking tot bepaalde goed of in 'n 25 bepaalde geval oordra, en daarbenewens kan 'n uitvoerende komitee so 'n bevoegdheid of plig ook aan 'n lid van hom aldus oordra.”.

Herroeping van artikel 25 van Wet 63 van 1975

23. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 26 van Wet 63 van 1975, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 19 van 1977 30

24. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Toepassing van Wet

26. (1) **[Die]** Behoudens die bepalings van artikel 5 doen die bepalings van hierdie Wet [doen] nie afbreuk nie aan 'n bevoegdheid 35 wat by 'n ander wet verleen word om goed te onteien of te neem of om 'n reg te neem om goed tydelik te gebruik, maar belet nie dat die onteiening of die neem van goed of die neem van so 'n reg of kragtens genoemde bepalings of kragtens genoemde bevoegdheid geskied nie: Met dien verstande dat, **[behoudens die bepalings van subartikel (2)]** 40 indien so 'n bevoegdheid na die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgeoefen word, **[die onteiening of die neem van die goed of die neem van die reg om die goed tydelik te gebruik, en die vasstelling van die bedrag van]** die vergoeding **[daarvoor]** ten opsigte daarvan verskuldig *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet 45 **[geskied]** bereken, vasgestel en betaal word.

(2) **[Behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4) doen die bepalings van hierdie Wet nie afbreuk nie aan die bepalings van 'n ander wet betreffende die neem of gebruik of onteiening van goed deur 'n provinsiale administrasie of 'n plaaslike bestuur vir die doeleindes** 50 **van die aanlê of instandhouding van 'n openbare pad of die neem of**

the title deed thereof or in any office referred to in section 7(4) [or in terms of section 60(5) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956)] shall terminate on the date of expropriation and the State shall, subject to the provisions of sections 13 and 19, not be obliged to pay any compensation for such rights.”.

Amendment of section 23 of Act 63 of 1975

21. Section 23 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

- “(1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, if the Minister is of the opinion that it is in the public interest or otherwise expedient to withdraw an expropriation of property, he may withdraw such expropriation, *mutatis mutandis* and in the manner contemplated in section 7, from a date mentioned in the notice in question: Provided that an expropriation of property shall not be withdrawn—
- (a) after the expiration of three months after the date of expropriation, except with the written consent of the owner in question; or
- (b) if, where the property expropriated is immovable property, transfer of the property in consequence of the expropriation has already been registered.”.

20 Substitution of section 24 of Act 63 of 1975

22. The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

“Assignment of powers and duties by Minister

24. [The] A Minister may either generally or in relation to particular property or in any particular case assign to an officer in the service of the State any power or duty conferred or imposed on him by or in terms of this Act, other than a power contemplated in [sections] section 23 [and 25], and in addition an executive committee may so assign any such power or duty also to any of its members.”.

Repeal of section 25 of Act 63 of 1975

23. Section 25 of the principal Act is hereby repealed.

Substitution of section 26 of Act 63 of 1975, as amended by section 3 of Act 19 of 1977

24. The following section is hereby substituted for section 26 of the principal Act:

“Application of Act

26. (1) [The] Subject to the provisions of section 5, the provisions of this Act shall not derogate from any power conferred by any other law to expropriate or take any property or to take the right to use property temporarily, but shall not preclude the expropriation or the taking of property or the taking of any such right being effected either under the said provisions or under the said power: Provided that [subject to the provisions of subsection (2)] if any such power is exercised after the commencement of this Act, [the expropriation or the taking of the property or the taking of the right to use the property temporarily, and the determination of the amount of] the compensation [therefor, shall be effected *mutatis mutandis*] owing in respect thereof shall *mutatis mutandis* be calculated, determined and paid in accordance with the provisions of this Act.

- (2) [Subject to the provisions of subsections (3) and (4), the provisions of this Act shall not derogate from the provisions of any other law relating to the taking or use or expropriation of property by a provincial administration or a local authority for the purposes of the construction or maintenance of a public road or the taking or use of

gebruik van goed deur 'n provinsiale administrasie of 'n plaaslike bestuur vir die doeleindes van die aanlê of instandhouding van water-, elektrisiteits-, dreinerings- of rioleringswerke, en is die bepalinge van hierdie Wet nie van toepassing nie op die neem of gebruik van goed deur die Randwaterraad ingevolge artikel 24(b) of (j) van die Private Wet op die Randwaterraadstatute, 1950 (Wet No. 17 van 1950), of 'n onteiening ingevolge artikel 120 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), of artikel 183 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967).]

(3) [Indien vergoeding betaal moet word vir die neem of gebruik of onteiening van goed beoog in subartikel (2), en daar nie ooreengekom word nie omtrent die bedrag van die vergoeding, geld die bepalinge van artikel 14 *mutatis mutandis* in verband met die vasstelling van daardie bedrag.] In die geval van grond wat ingevolge 'n ordonnansie tot 'n pad verklaar of vir 'n pad verkry word sonder dat dié grond onteien word, geld die volgende bepalinge, naamlik—

- (a) ondanks andersluidende bepalinge van so 'n ordonnansie—
- (i) word die vergoeding waarop die eienaar geregtig is, bereken, vasgestel en betaal ooreenkomstig artikel 12 asof die grond waarop die verklaring of verkryging betrekking het, ingevolge die bepalinge van hierdie Wet onteien is;
 - (ii) word geen vergoeding betaal nie ten opsigte van grond wat ten tyde van die verklaring of verkryging reeds as 'n pad bestaan het of gebruik is;
 - (iii) word vergoeding ten opsigte van ongeregistreerde regte ooreenkomstig artikel 13 betaal;
 - (iv) word die bedrag van die vergoeding vasgestel ingevolge artikel 14, indien daar nie ooreengekom kan word omtrent die bedrag van die vergoeding nie;
 - (v) bly die regte op edelmetale, edelgesteentes, onedele minerale en aardolie berus by die persoon (met inbegrip van die Staat) by wie dit voor dié verklaring of verkryging berus het;
 - (vi) word die datum waarop die provinsie ingevolge die bepalinge van die betrokke ordonnansie aanspreeklik word vir die betaling van vergoeding, as die onteieningsdatum beskou;
 - (vii) moet die uitvoerende komitee binne sestig dae vanaf die verklaring van die grond tot 'n pad die eienaar daarvan in kennis stel *mutatis mutandis* op die wyse beoog in artikel 7, indien die grond ten tyde van dié verklaring nie reeds 'n pad was nie;
 - (viii) moet die uitvoerende komitee 'n afskrif van die kennisgewing bedoel in subparagraaf (vii) besorg aan die plaaslike bestuur (indien daar een is) binne wie se regsgebied die grond geleë is en aan die Registrateur van Aktes in wie se registrasiekantoor die titelbewys van die grond geregistreer is; en
- (b) die Registrateur van Aktes bedoel in paragraaf (a)(viii) moet by ontvangs van genoemde afskrif, 'n toepaslike aantekening van die verklaring van die grond tot 'n pad in sy registers laat aanbring.

(4) [Die bedrag van die vergoeding wat vir die neem of gebruik of onteiening van goed beoog in subartikel (2) betaal of vasgestel word, mag nie meer wees nie as wat dit sou gewees het indien dit ooreenkomstig die bepalinge van artikel 12(1), (2) en (5) bereken sou gewees het.]

(5) Indien grond onteien word nadat dit tot 'n pad verklaar is en die bepalinge van subartikel (3)(b) ten opsigte daarvan nagekom is, geld die aantekening daarin vermeld as 'n aantekening beoog in artikel 31(6)(a) of 32(5), na gelang van die geval, van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937).

a property by a provincial administration or a local authority for the purposes of the construction or maintenance of any water, electricity, drainage or sewerage works, and the provisions of this Act shall not apply to the taking or use of property by the Rand Water Board in terms of section 24(b) or (j) of the Rand Water Board Statutes (Private) Act, 1950 (Act No. 17 of 1950), or any expropriation in terms of section 120 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), or section 183 of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967).]

(3) [If compensation is to be paid for the taking or use or expropriation of any property contemplated in subsection (2), and the amount of such compensation is not agreed upon, the provisions of section 14 shall *mutatis mutandis* apply in connection with the determination of such amount.] In the case of land which is in terms of an ordinance declared to be a road or acquired for a road without such land being expropriated, the following provisions shall apply, namely—

(a) notwithstanding anything to the contrary contained in any such ordinance—

- (i) the compensation to which the owner is entitled, shall be calculated, determined and paid in accordance with section 12, as if the land to which the declaration or acquisition relates had been expropriated in terms of the provisions of this Act;
- (ii) no compensation shall be paid in respect of land which at the time of the declaration or acquisition already existed, or was being used, as a road;
- (iii) compensation in respect of unregistered rights shall be paid in accordance with section 13;
- (iv) the amount of the compensation shall be determined in terms of section 14, if the amount of the compensation cannot be agreed upon;
- (v) the rights to precious metals, precious stones, base minerals and natural oil shall continue to vest in the person (including the State) in whom they vested prior to such declaration or acquisition;
- (vi) the date on which the province becomes liable for the payment of compensation in terms of the provisions of the ordinance in question shall be regarded as the date of expropriation;
- (vii) the executive committee shall within sixty days of the declaration of the land to be a road, notify the owner thereof, *mutatis mutandis* in the manner contemplated in section 7, if the land was not already a road at the time of the declaration;
- (viii) the executive committee shall furnish the local authority (if any) in whose area of jurisdiction the land is situated and the Registrar of Deeds in whose deeds registry the title deed to the land is registered, with a copy of the notice referred to in subparagraph (vii); and

(b) the Registrar of Deeds referred to in paragraph (a)(viii) shall on receipt of the said copy cause an appropriate endorsement of the declaration of the land to be a road to be made in his registers.

(4) [The amount of compensation paid or determined for the taking or use or expropriation of property contemplated in subsection (2) shall not be more than what it would have been had it been calculated in accordance with the provisions of section 12(1), (2) and (5).]

(5) If any land is expropriated after it had been declared to be a public road and the provisions of subsection (3)(b) complied with in respect thereof, the endorsement referred to therein shall serve as a note contemplated in section 31(6)(a) or 32(5), as the case may be, of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937).

(6) Indien 'n uitvoerende komitee ingevolge die betrokke ordonansie verplig is om grond vir 'n pad te onteien na die verklaring daarvan as 'n pad, kan hy ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3)(a)(vii) en (viii) handel.

(7) 'n Uitvoerende komitee kan ten opsigte van grond wat voor die inwerkingtreding van hierdie subartikel tot 'n pad verklaar is, die betrokke Registrateur van Aktes versoek om 'n aantekening soos beoog in subartikel (3)(b) in sy registers te laat aanbring, ondanks die feit dat die uitvoerende komitee nie verplig is om dit te doen nie."

Herroeping van artikels 32, 35 tot 41, 43 tot 45, 49 tot 68, 74, 75, 77 tot 79, en 83 tot 95 van, en die Bylae by, Wet 63 van 1975

25. Artikels 32, 35 tot 41, 43 tot 45, 49 tot 68, 74, 75, 77 tot 79, en 83 tot 95 van, en die Bylae by, die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 31 van Wet 47 van 1937, soos vervang deur artikel 11 van Wet 87 van 1965 en gewysig deur artikel 3 van Wet 61 van 1969, artikel 95 van Wet 63 van 1975, artikel 10 van Wet 27 van 1982 en artikel 6 van Wet 62 van 1984

26. Artikel 31 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die onteienende gesag moet onmiddellik nadat enige grond onteien is 'n gesertifiseerde afskrif van die kennisgewing van onteiening, twee afskrifte van die betrokke onteieningsplan van die betrokke grond, en 'n sertifikaat wat die grond beskryf en die naam, nommer en administratiewe distrik daarvan, sowel as die volle name en van van die geregistreerde eienaar en die nommer (bestaande uit die volg- en jaarnommer) van die titelbewys aangee, by die registrateur indien, en die registrateur moet 'n aantekening van die onteiening in sy registers [en op die kantoorafskrif van die titelbewys] laat aanbring, en indien die oorspronklike titelbewys te eniger tyd vir enige doel by sy kantoor ingedien word, of daar aansoek om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif daarvan gedoen word, moet hy 'n [soortgelyke] toepaslike endossement daarop sowel as op die kantoorafskrif daarvan laat aanbring en 'n afskrif van die onteieningsplan daaraan asook aan die kantoorafskrif daarvan laat heg: Met dien verstande dat van die voormelde onteieningsplanne afgesien moet word waar die geheel van 'n stuk grond onteien is."

Wysiging van artikel 32 van Wet 47 van 1937, soos vervang deur artikel 12 van Wet 87 van 1965 en gewysig deur artikel 4 van Wet 61 van 1969, artikel 9 van Wet 62 van 1973, artikel 10 van Wet 29 van 1974, artikel 95 van Wet 63 van 1975 en artikel 7 van Wet 62 van 1984

27. Artikel 32 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Onmiddellik nadat 'n serwituutreg oor enige grond of reg op minerale daarop onteien is, verstrek die onteienende gesag aan die registrateur 'n gewaarmerkte afskrif van die onteieningskennisgewing, twee kopieë van die toepaslike onteieningsplan van die betrokke serwituut, of waar die reg op minerale op slegs 'n gedeelte van die grond onteien is, twee kopieë van die toepaslike onteieningsplan van sodanige gedeelte, en 'n sertifikaat wat die grond beskryf en die naam, nommer en administratiewe distrik daarvan, sowel as die volle name en van van die geregistreerde eienaar en die nommer (bestaande uit die volg- en jaarnommer) van die titelbewys aangee, en die registrateur moet 'n aantekening van die onteiening in sy registers laat aanbring [en laat endosseer op die kantoorafskrif van die titelbewys van die grond wat aan die serwituutreg onderhewig is of die titel waarkragtens die betrokke reg op minerale gehou word, na gelang van die geval], en indien die oorspronklike van die titelbewys of van [sodanige titel] die titel waarkragtens die betrokke reg op minerale gehou word, te eniger tyd by sy registrasiekantoor vir enige doel ingedien word, of daar aansoek om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van sodanige titelbewys of titel gedoen word, moet hy

(6) If an executive committee is in terms of the ordinance in question required to expropriate any land for a road after the declaration thereof to be a public road, it may act in accordance with the provisions of subsection (3)(a)(vii) and (viii).

(7) An executive committee may, in respect of any land which was prior to the commencement of this subsection declared to be a road, request the Registrar of Deeds concerned to have such an endorsement made in his registers as is contemplated in subsection (3)(b), notwithstanding that the executive committee is not required to do so."

Repeal of sections 32, 35 to 41, 43 to 45, 49 to 68, 74, 75, 77 to 79, and 83 to 95 of, and the Schedule to, Act 63 of 1975

25. Sections 32, 35 to 41, 43 to 45, 49 to 68, 74, 75, 77 to 79, and 83 to 95 of, and the Schedule to, the principal Act are hereby repealed.

15 **Amendment of section 31 of Act 47 of 1937, as substituted by section 11 of Act 87 of 1965 and amended by section 3 of Act 61 of 1969, section 95 of Act 63 of 1975, section 10 of Act 27 of 1982 and section 6 of Act 62 of 1984**

26. Section 31 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (6) of the following paragraph:

20 "(a) Immediately after any land has been expropriated the expropriating authority shall lodge with the registrar a certified copy of the notice of expropriation, two copies of the relevant expropriation plan of the land in question, and a certificate describing the land and stating the name, number and administrative district thereof, as well as the full names and surname of
25 the registered owner and the number (consisting of the serial and year number) of the title deed, and the registrar shall cause a note of the expropriation to be made in his registers, **[and endorsed on the office copy of the title deed]** and if at any time the original of the title deed is lodged in his registry for any purpose, or application is made for the issue of a certified copy thereof, he shall cause **[a similar]** an appropriate note to be
30 endorsed thereon as well as on the office copy thereof and a copy of the expropriation plan to be annexed thereto as well as to the office copy thereof: Provided that the afore-mentioned expropriation plans shall be dispensed with where the whole of a piece of land has been expropriated."

35 **Amendment of section 32 of Act 47 of 1937, as substituted by section 12 of Act 87 of 1965 and amended by section 4 of Act 61 of 1969, section 9 of Act 62 of 1973, section 10 of Act 29 of 1974, section 95 of Act 63 of 1975 and section 7 of Act 62 of 1984**

27. Section 32 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the
40 substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) Immediately after any right of servitude over any land or right to minerals therein has been expropriated, the expropriating authority shall lodge with the registrar a certified copy of the notice of expropriation, two
45 copies of the relevant expropriation plan of the servitude in question, or where the right to minerals in only a portion of the land has been expropriated, two copies of the relevant expropriation plan of such portion, and a certificate describing the land and stating the name, number and administrative district thereof, as well as the full names and surname of the
50 registered owner and the number (consisting of the serial and year number) of the title deed, and the registrar shall cause a note of the expropriation to be made in his registers **[and endorsed on the office copy of the title deed of the land which is subject to the servitude or the title under which the right to minerals in question is held, as the case may be]**, and if at any time the original of the title deed or of **[such title]** the title under which the right to
55 minerals in question is held is lodged in his registry for any purpose or

'n **[soortgelyke aantekening daarop laat endosseer]** toepaslike endossement daarop sowel as op die kantoorafskrif daarvan laat aanbring en 'n afskrif van die onteieningsplan daaraan, asook aan die kantoorafskrif daarvan, laat heg.".

Wysiging van artikel 60 van Wet 54 van 1956, soos vervang deur artikel 8 van Wet 45 van 1972 en gewysig deur artikel 10 van Wet 42 van 1975, artikel 41 van Wet 63 van 1975, artikel 7 van Wet 92 van 1980 en artikel 10 van Wet 97 van 1986 5

28. Artikel 60 van die Waterwet, 1956, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) (a) By die toepassing van subartikel (1) beteken 'goed' roerende 10
sowel as onroerende goed **[met inbegrip van 'n bestaande reg]** en 'onroerende goed' ook 'n saaklike reg in of oor grond.

(b) Die bepalings van artikels 6 tot 15 en 18 tot 24 van die Onteieningswet, 1975, is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die onteiening van goed of die neem van 'n reg ingevolge hierdie artikel, en 'n verwysing in 15
genoemde artikels van daardie Wet—

(i) na 'Minister' word uitgelê as 'n verwysing na die Minister van Waterwese;

(ii) na 'artikel 2' word uitgelê as 'n verwysing na hierdie artikel;

(iii) **[na 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika word uitgelê as 'n verwysing na 'n waterhof]** 20

(iv) **[na "regter" word uitgelê as 'n verwysing na 'n regter van 'n waterhof]** en

(v) na 'hierdie Wet' word uitgelê as 'n verwysing na hierdie Wet, 25
tensy die samehang anders aandui.".

Wysiging van paragraaf 7 van Bylae 1 by Wet 9 van 1989

29. Paragraaf 7 van Bylae 1 by die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989, word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(1) Die Maatskappy is daarop geregtig om **[met inagneming van 30
die toepaslike bepalings van die Onteieningswet, 1975,]** roerende en onroerende goed te onteien."; en

(b) deur subparagraaf (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(2) Die bepalings van artikels 7 tot 15 en 18 tot 23 van die 35
Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die onteiening van goed deur die Maatskappy ingevolge subparagraaf (1): Met dien verstande dat:

(a) 'n verwysing in die een of ander van genoemde artikels—

(i) na die Minister, uitgelê word as 'n verwysing na die 40
Voorsitter van die direksie van die Maatskappy; en

(ii) na die Staat, uitgelê word as 'n verwysing na die Maatskappy;

(b) die bevoegdheid wat uit hoofde van subparagraaf (a) by die Voorsitter van die direksie van die Maatskappy berus, ook 45
deur die Besturende Direkteur en 'n Groephoofbestuurder van die Maatskappy uitgeoefen kan word en, in verband met roerende goed wat in 'n noodtoestand dringend nodig is, ook deur 'n amptenaar van die Maatskappy met of bo die rang van Assistent-superintendent of 'n gelykstaande ingenieursrang, 50
en, indien geen amptenaar in daardie rang geredelik beskikbaar is nie op die plek waar die betrokke goed is, enige werknemer van die Maatskappy wie se plig dit is om maatreëls te tref om die noodtoestand die hoof te bied.".

Kort titel en inwerkingtreding

30. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Onteiening, 1992, en tree in 55
werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet aldus bepaal word.

application is made for the issue of a certified copy of such title deed or title, he shall cause **[a similar]** an appropriate note to be endorsed thereon as well as on the office copy thereof and a copy of the expropriation plan to be annexed thereto as well as to the office copy thereof.”

5 **Amendment of section 60 of Act 54 of 1956, as substituted by section 8 of Act 47 of 1972 and amended by section 10 of Act 42 of 1975, section 41 of Act 63 of 1975, section 7 of Act 92 of 1980 and section 10 of Act 97 of 1986**

28. Section 60 of the Water Act, 1956, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- 10 “(2) (a) For the purposes of subsection (1) ‘property’ means both movable and immovable property **[including an existing right]** and ‘immovable property’ includes a real right in or over land.
- (b) The provisions of section 6 to 15 and 18 to 24 of the Expropriation Act, 1975, shall *mutatis mutandis* apply in respect of the expropriation of
- 15 any property or the taking of any right in terms of this section, and any reference in the said sections of that Act—
- (i) to ‘Minister’ shall be construed as a reference to the Minister of Water Affairs;
- (ii) to ‘section 2’ shall be construed as a reference to this section;
- 20 (iii) **[to a provincial or local division of the Supreme Court of South Africa shall be construed as a reference to a water court]**
- (iv) **[to ‘judge’ shall be construed as a reference to a judge of a water court]** and
- (v) to ‘this Act’ shall be construed as a reference to this Act,
- 25 unless the context otherwise indicates.”

Amendment of paragraph 7 of Schedule 1 to Act 9 of 1989

29. Paragraph 7 of Schedule 1 to the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989, is hereby amended—

- 30 (a) by the substitution for subparagraph (1) of the following subparagraph:
- “(1) The Company shall be entitled **[with due regard to the relevant provisions of the Expropriation Act, 1975,]** to expropriate movable and immovable property.”; and
- (b) by the substitution for subparagraph (2) of the following subparagraph:
- 35 “(2) The provisions of sections 7 to 15 and 18 to 23 of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975), shall *mutatis mutandis* apply in respect of the expropriation of property by the Company in terms of subparagraph (1): Provided that:
- (a) any reference in any of the said sections—
- 40 (i) to the Minister, shall be construed as a reference to the Chairman of the board of directors of the Company; and
- (ii) to the State, shall be construed as a reference to the Company;
- (b) the powers vested in the Chairman of the board of directors of the Company by virtue of subparagraph (a), may also be
- 45 exercised by the Managing Director and a Group Chief Manager of the Company and, in connection with immovable property urgently required in an emergency, also by any officer of the Company of or above the rank of Assistant Superintendent or an equivalent engineering rank, and, if no
- 50 officer of that rank is readily available at the place where the property in question is, any employee of the Company whose duty it is to take measures to deal with the emergency.”

Short title and commencement

30. (1) This Act shall be called the Expropriation Amendment Act, 1992, and

55 shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may be so fixed in respect of different provisions of this Act.

